

Opsomming

Etiek

- Toerekenbaarheid – neem verantwoordelikheid vir jou optrede
- Deursigtigheid – oop en objektiewe manier hoe dinge aangepak word
- Volhoubaarheid – onderneming se voortgesette bestaan sonder om die omgewing skade te berokken
- Vertroue – glo dat die onderneming in almal se belang optree.

Interne kontrole

- onderneem op 'n deurlopende basis deur 'n onafhanklike persoon (interne ouditeur) om te verseker dat die rekeningkunde beginsels en procedures uitgevoer deur die onderneming korrek voltooi was.
- Die proses wat deur die interne ouditeur onderneem word moet die volgende verseker.
 - » Effektiwiteit (doeltreffendheid) van bedryf.
 - » Betroubaarheid van finansiële te boekstelling en verslagdoening.
 - » Afskrik en ondersoek van bedrog en ander onetiese aspekte.
 - » Ondersoek die beskerming van die ondernemingsbates.
 - » Verseker dat die onderneming voldoen aan wette en regulasies wat die onderneming se aktiwiteite bestuur.
- Die aktiwiteite wat die Interne ouditeur onderneem is as volg:
 - » Inspeksie (onersoek in stel na dokumentasie, rekords en rekonsiliasies om te toets of die kontrole maatstaf reg toegepas word)
 - » Waarneming (monitoring van die proses of procedure)
 - » Navrae (behels die ondervraging van belanghebbendes om te bepaal of kontrole well gevvolg word)
 - » Herverwerking (oordoen van taak en dan dieselfde uitslag as die eerste keer te kry)
 - » Kombinasie (enige kombinasie van enige van bogenoemde aktiwiteite om interne kontrole te toets)
- Interne ouditering is voordelig vir die onderneming omdat dit die onderneming help om die effektiwiteit van risikobestuur en beheerprosesse te evalueer en te verbeter.
- Dit word ook onderneem om te verseker dat aan die etiese optrede of toerekenbaarheid, deursigtigheid en integriteit voldoen was.